11 & 12 Mei 2018, Kruisrivier, Calitzdorp

In 2018 sal dit die 12e keer wees dat **Redstone** aangebied word. Die Potgieterfamilies het die geleentheid vir vriende en familie begin en metttertyd het dit gegroei tot 'n gemeenskapsprojek. Die **Redstone Hills Trust** (Registrasie nommer 192-388 NPO) is hieruit gebore om fondse meer doeltreffend in te samel. Danksy die ondersteuning van ons borge en die uitgebreide netwerk van mense, meestal vrywilligers, kon ons die bedrag wat ingesamel is tot voordeel van die gemeenskap opskuif na R90 629.00. Dit is 52% meer as verlede jaar!

Die terugvoer wat ons van die fietsryers en drawwers en hulle families ontvang het, is dat hulle die geleentheid terdeë geniet het – meer as ooit tevore. Ons beplan om dieselfde te bereik met die volgende geleentheid wat sal plaasvind op Vrydag, 11 en Saterdag, 12 Mei 2018. **Jakhals Events** was instrumenteel in die groot sukses en oudergewoonte sal hulle dieselfde hoë professionele standaard handhaaf met die organisasie van die wedrenne en waterpunte.

Redstone
Fietsryers en drawwers, hulle kinders en gesinne sal weer 'n aksiebelaaide 2 dae tussen die ongelooflike Rooikoppe in die Kruisriviervallei naby Calitzdorp spandeer. Deelnemers kan hulle regmaak om die gasvryheid van die plaaslike boere en gemeenskap te geniet tesame met heerlike kos – alles deel van die mooi omgewing. Soos gewoonlik is daar aktiwiteite vir elke lid van die gesin. Vrydagaand is daar 'n nagrit vir fietsryers en ook 'n roete vir stappers. Saterdag kan fietswedrenne oor verskillende afstande, veldwedrenne vir drawwers en stappers, kosstalletjies, vermaak vir die kinders, 'n plaasbasaar met 'n vleistafel en grootskerm rugby geniet word.

Redstone is 'n gevestigde datum op die sportkalender. Die plaaslike gemeenskap vorm 'n integrale deel van die beplanning en logistiek van die geleentheid. Kinders van omringede skole kry ook die geleentheid om deel te neem.

Bemarking
Redstone word landswyd bemark deur **Jakhals Events** en Drylands. Sosiale media word ingespan om met ons teikenmarkte te kommunikeer. Redstone word ook geadverteer in plaaslike koerante, sporttydskrifte en die radio.

Borgskappe
* Ons voldoen graag aan **hoofborge** en **ondersteunende borge** se spesiale behoeftes.
* By die **begin- en eindpunte** kan borge hulle baniere vertoon.
* 'n **Waterpuntborg** het geen beperking ten opsigte van die hoeveelheid advertensiemateriaal wat by die betrokke waterpunt aangewend word nie.
* Groter borge sal ook erkenning geniet in koerante en op die dag gereeld genoem word. Redstone se naam kan vir hulle eie promosiedoeleindes aangewend word.

* Borge word op meriete behandel en elke borg kry blootstelling volgens die grootte van sy borgskap en kan onderhandel oor die blootstelling wat verlang word.

Projekte wat hierdie jaar ondersteun is

In 2017 kon Redstone Hills Trust sy ondersteuning aan gemeenskapsprojekte in die Kannalandgebied vergroot. Tot dusver is bydraes aan 6 projekte gemaak:

- Die *Kidstop Program* werk met kinders wat op straat beland vanweë disfunksionele families. Die stelsel poog om hierdie kinders terug in die skoolsisteen te plaas. Die projek het reeds 'n betekenisvolle verskil aan die welstand van hierdie kinders gemaak sowel as 'n verbetering van die dorp se beeld as 'n toerismebestemming.
- Die *Skype Projek*, gedryf deur die NG Kerk Calitzdorp, werk met ongeveer 50 kinders en jongmense om hulle te begelei tot leiers en rolmodelle in hulle gemeenskappe.
- Die *Vrydag Kombuis* word ook bedryf deur die NG Kerk Calitzdorp. 'n Voedsame maaltyd word een keer per week aan ongeveer 45 huishoudings in die breë gemeenskap voorgesit.
- Die *Skaakprojek* by die Hoërskool Calitzdorp onderrig die leerders in skaak met al die voordele vir die leerders wat dit inhou. Hulle reël jaarliks dat skaakmeesters die skool besoek om die onderrig tot 'n volgende vlak te neem.
- *Klippies Netbalklub* is gestig en help jong meisies om op 'n ligavlak aan netbal deel te neem.
- 'n Bydrae is gemaak om die *Hoërskool Calitzdorp se bus* te herstel.

Benewens die fondse wat deur die Trust gegenereer is, kon die NG Kerk Calitzdorp R46 294.00 insamel deur die bedryf van kosstalletjies en vermaak tydens die dag. Die direkte impak van Redstone 2017 op ontwikkeling is dus R136 924.00!

Ons **droom en visie** is om deur Redstone genoeg fondse te genereer om 'n groot verskil in ons gemeenskap en direkte omgewing te maak. Redstone gaan die heel beste naweekgeleentheid vir fietsryers, hardlopers en hulle families wees!

Kontakbesonderhede
Webwerf : **www.redstonehills.co.za (sien skakels na foto's en videos)**
Standard Bank 180688685 Takkode 051001 Naam : Redstone Hills Trust
Kontak : Corne Botha 073-194-2948 jakhals.events@gmail.com
Briëtte Barry 084-583-3642 welgevon@telkomsa.net
Trustees : Chris Ball mrchrisball@gmail.com
Jac Bekker jmgbekker@gmail.com
Willemien Fourie willemien@aliceleroux.co.za